



5 van 2026

NUUSBRIEF

Vrede Skool 2-Weeklikse Inligting

Beroepsdag

Vrede Skool het op Donderdag 30 April 'n beroepsdag vir ons graad 11 en 12 leerders aangebied waartydens verskeie instansies genooi is om inligting in verband met beroepskeuses en studierigtings met die leerders te kom deel.

Instansies wat aanbiedinge gemaak het was onder andere STADIO, AROS, Potch Akademie, Belgium iTVersity en Akademia. Legacy Training het ook 'n uitstalling gehad.

Beide ouers en leerders het die dag baie interessant en insiggewend gevind. Dit is veral belangrik vir ons leerders wat nie altyd die geleentheid kry om na studierigtings te kyk wat nie noodwendig by universiteite aangebied word nie, maar wel 'n goeie keuse kan wees vir 'n na-skoolse kwalifikasie.



Barre Geluk

aan elke leerder wat op

die Top 10 en Top 5 is

VREDE SKOOL



Top 10
Kwartaal 1 van 2026 gr 4

VREDE SKOOL



Top 10
Kwartaal 1 van 2026 gr 5

VREDE SKOOL



Top 10
Kwartaal 1 van 2026 gr 6

VREDE SKOOL



Top 10
Kwartaal 1 van 2026 gr 7

VREDE SKOOL



Top 5
Kwartaal 1 van 2026 gr 8

VREDE SKOOL



1	2	3
Pieter Cronje 94 221	Carmen Mitchell 90 221	Johann Gerber 66 561
4	5	
Annette Jones van Benschop	Mimmi Ntshane	

Top 5
Kwartaal 1 van 2026 gr **9**

VREDE SKOOL



1	2	3
IJ Berks 90 571	Johann Portweg 66 431	Els Olenhof 67 141
4	5	
Kerian Pretorius	Tana Els	

Top 5
Kwartaal 1 van 2026 gr **10**

VREDE SKOOL



1	2	3
Annette du Toit 63 431	JC Cronje 601	Sebastian Ropburn 76 291
4	5	
DJ Doman	Gemma Fleischer	

Top 5
Kwartaal 1 van 2026 gr **11**

VREDE SKOOL



1	2	3
Helen Fourie 92 711	Micelle Portweg 66 711	Andrea Greyling 64 651
4	5	
Muller Coetzee	Schik Gregenstein	

Top 5
Kwartaal 1 van 2026 gr **12**

HEKTOEGANG

Vrede Skool het 'n nuwe hektoegang sisteem laat installeer. Ouers wat toegang wil hê tot die sportgronde se hek kan die skoolkantoor kontak.

Koste beloop
R50 / KWARTAAL

jy gebruik dan jou selfoon as 'n afstandbeheertoestel



En laat ons op mekaar ag gee om tot liefde en goeie werke aan te spoor; en laat ons ons onderlinge byeenkoms nie versuim soos sommige die gewoonte het nie, maar laat ons mekaar vermaan, en dit des te meer namate julle die dag sien nader kom.

Hebreërs 10:24-25



Vrystaatse Gekombineerde Skolesportreeks

Vrede Skool het op Saterdag 25 April weer die geleentheid gekry om gasheer te wees vir die kragmeting tussen Vrede Skool en Salomon Senekal van Viljoenskroon.

Alhoewel die dag op 'n langnaweek plaasgevind het, het ouers en leerders in hul massas opgedaag vir die verskeie rugby, netbal en hokkie westryde.

Dit was 'n heerlike gesellige dag met braaivleisvure wat die lug mees sy unieke verwelkomende geure gevul het. Die weer het baie mooi saamgespeel en die son het warm geskyn.

Die sportmansgees was weereens uit die boonste rakke en nuwe vriendskapsbande is dwarsdeur gesmee.

Beide ons ouers en leerders is opgewonde oor ons deelname aan hierdie sportreeks. Een ouer het onder andere opgemerk dat die dag soos "die sportdae van die ou dae" voel.

Ons volgende kragmeting gaan teen Reitz plaasvind op 16 Mei op Reitz se sportgronde. Ons sien baie uit na die volgende ronde.



058 913 1003



hsvrede@internet-sa.co.za



22 Reyneke Straat, Vrede, 9835



Vrystaatse Gekombineerde Skolesportreeks

Geesvang

Ons het heerlik gek geskeer en gees gevang op Vrydag 24 April in voorbereiding van die wedstryde teen Salomon Senekal. Elke leerder en onnie het sportdrag wat glad nie bymekaar gepas het nie, aangetrek en van die uitrustings was baie snaaks. Dit was alles in goeie gees en het grootliks bygedra tot die goeie sportmansgees wat tydens die dag in elke wedstryd sigbaar was.



Vrede Skool WINTERSDRAG

Wintersdrag geldig vanaf 1 Mei 2026

ONTHOU ASB:
Kinders mag op koue dae
volle wintersdrag dra.
Somer- en wintersdrag mag
nie gemeng word nie

DOGTERS: LA

- BO: Wit langmou skoolhemp met kraag
Fleece baadjie
Sweptakbaadjie
Das
- Onder: Grys dogterslangbroek OF
Swart sykouse met blou skoolrompie
Kort wit kouse
Swart skoolskoene

(Huidige navy langbroeke kan nog gedra word tydens die uitfaseringstydperk)

DOGTERS: HA

- BO: Wit langmou skoolhemp met kraag
Navy Trui/Pullover
Blazer
Das
- Onder: Grys dogterslangbroek OF
Swart sykouse met blou skoolrompie
Kort wit kouse
Swart skoolskoene

SEUNS: LA

- BO: Wit langmou skoolhemp met kraag
Fleece baadjie
Sweptakbaadjie
Das
- Onder: Grys seuns langbroek
Grys kouse
Swart skoolskoene

SEUNS: HA

- BO: Wit langmou skoolhemp met kraag
Navy Trui/Pullover
Blazer
Das
- Onder: Grys seuns langbroek
Grys kouse
Swart skoolskoene

27 Apr – Marelize van Greunen (gr 11)
 29 Apr – Marlene Bosman (gr 9)
 – Hardus Koen (gr R)
 30 Apr – Hanru Taljaardt (gr 8)
 1 Mei – Mpho Motaung (gr 4)
 2 Mei – Phephe Ntakane (gr R)
 – Christiaan vd Westhuizen (gr 6)
 3 Mei – Carel vd Merwe (gr 8)
 4 Mei – Nicola Fleischer (gr 12)
 – Zama Tshabalala (gr 4)
 7 Mei – Luthando Tshabalala (gr 3)
 – Tiané vd Berg (gr 8)
 8 Mei – Mnr Werner Prinsloo
 10 Mei – Lood Cronje (gr 1)
 – Stian Lübke (gr 4)
 11 Mei – NJ Lategan (gr 3)
 13 Mei – Anriette jv Rensburg
 – Robbie Zitzke (personeel)

14 Mei – Ayabonga Radebe (gr R)
 5 Mei – Minenhle Ncongwane (gr 9)
 – Franco vd Walt (gr 12)
 – Karli van Tonder (gr 7)
 16 Mei – Abigale Whipp (gr 9)
 17 Mei – Marelé vd Watt (gr 3)



VREDE SKOOL TWEE-WEEK VOORUITSIG

9 Mei – HA Rugby vs Senekal (weg)
 10 Mei – Moedersdag
 12 Mei – HA se Oscarsaand
 – o/12 & o/13 Netbalproewe (Drakensberg)
 – LA Rugby liga teen Harrismith (tuis)
 14 Mei – SAMO Ronde 2
 – HEMELVAART
 15 Mei – Landloop: BHM
 – Jeagaksie (Moedergemeente)
 16 Mei – VKB Sportreeks vs Reitz (Reitz)
 – HA Hokkie vs Ficksburg (Reitz)
 19 Mei – Mnr. & Mej. VHS
 20 Mei – Netbal Rondomtalie te Reitz
 21 Mei – LA Rugby liga teen Retief (weg)
 – HA Rugby liga teen Harrismith (tuis)
 22 Mei – o/12 & o/13 Netbalproewe (TBM)
 – Landloop: BHM
 – HA Netbal: TBM liga semi en finaal (BHM)

VIVA TAALWENK

breek vs. breuk

Breek kan 'n werkwoord óf 'n naamwoord wees.

Die nuus kan **breek**; *brekende* nuus.
 'n Groep kan *breek vir tee of om te rook*.
 Jy kan 'n *breek neem* of *kry van iets*.

Breuk is 'n naamwoord wat beteken dat iets stukkend of gebreek is.

'n *breuk tussen twee partye*;
 'n *breuk in die damwal*;

'n *beenbreuk* of *liesbreuk (medies)*.
 Die klas behandel vandag *breuke (wiskundig)*.

Bron(ne): AWS; HAT; WAT; Voorsetselwoordeboek

VIVA spreekwoorde

Vies varke word nie vet nie.

'n Mens moenie te kieskeurig wees nie.

Vanaf die Nederlandse uitdrukking:
 "viese varkens worden niet vet".

"Vies" het hier een van die vroeë
 Nederlandse betekenis behou,
 naamlik 'kieskeurig'.

Bron(ne): etymologiebank.nl; Spreekwoorde en
 ander segwyses

Baie Welkom
aan
Robbie Zitzke
wat aangestel is as
ons nuwe faktotum.




*Welkom by die
Vrede Skool familie!*

RESPEK | INTEGRITEIT | UITNEMENDHEID

GEEN-SELFOONBELEID



Vrede Skool het 'n streng geen-selfoonbeleid. Hoekom? Omdat u kind se ontwikkeling vir ons belangrik is. Ons wil afleiding beperk en die fokus plaas waar dit hoort - in die klaskamer, op leer en op mekaar. Onderwys is ons top prioriteit.

Leerders word vriendelik versoek om hul selfone by die huis/koshuis te los. Leerders wat aan buitemuurse aktiwiteite deelneem, mag hul selfoon voor skool begin by die skoolkantoor inhandig. Alle selfone moet duidelik gemerk wees. Selfone sal veilig gestoor word en na skool afgehaal word.

Dankie vir u samewerking en ondersteuning. Ons bou graag aan waardes wat leer bevorder en verhoudings versterk.

Vrede Skool


Onderwêreld Vertoning

Die graad 12's het op Donderdag, 23 April, 'n vertoning van hulle voorgeskrewe roman *Onderwêreld* by Voortrekker Hoërskool in Bethlehem gaan bywoon. Dit was uitstekend aangebied en sal beslis help om voor te berei vir al die eksamens wat voorlê.



André Stoltz was weer die vervaardiger en hierdie is die rolverdeling. Hulle pas die hele boek in 'n 80 minute vertoning in. Die kinders stem almal saam dat dit beslis die moeite werd is. Hulle verstaan soveel beter.

ONDERWÊRELD 2026 GESELSKAP

 Greg Owen: STEFAN LOTTER	 Chris Owen/Dok: ANDRE LOTTER	 Rina Owen/Joan: MARIJKE COETSER
 Eckardt: BRENT VERMEULEN	 Plank/Sers Botha: JAYDEN BRONKHORST	 TJ/Tom: WILBUR JANSEN VAN RENSBURG
 Tegniese Regisseur: PIERRE RETIEF	 Assistent-Regisseur: RUAN WESSELS	 Vervaardiger/Regisseur: ANDRE STOLTZ

ONS WENS
HENRO KOTZE
geluk

MET SY UITSLAE TYDENS DIE
**NASIONALE
SAALPERD
KAMPIOENSKAPPE**

3de 3DE PLEK
KLAS

3de 3DE PLEK
KLAS

5de 5DE PLEK
KLAS

5de 5DE PLEK
KLAS

Trots op jou prestasie!



Stian Lütke

het die afgelope naweek sy klub met trots
verteenwoordig tydens
Amersfoort se stoei-byeenkoms
by Henbase Lodge.

Hy stap weg met 'n **goue medalje** in die
o/10 Grieks-Romeinse kategorie,
asook 'n **bronsmedalje** in sy
ouderdomsgroep vir **vrystyl**.

Stian het in totaal teen
7 teenstanders meegeding.



Verkeerd is
verkeerd al doen
almal dit. Reg is
reg al doen
niemand dit nie.



ONTHOU
WINKEL URE

Maandae: 08:00 – 10:00
Woensdae: 08:00 – 10:00
Vrydae: 10:00 – 12:00



kontak Vrede
Skool vir
bestelling op
079 301 2277

R35
VIR 8KG SEKELBOESHOUT

R35
VIR 4KG
CHARCOAL



Vrede Skool se BL is opsoek
na enige leë meelsakke,
suikersakkies, blikkies en
bottels

Gee asb by die skoolkantoor af



BAIE GELUK!

Baie geluk aan die volgende seuns wat in die Oos Vrystaat spanne opgeneem is!

O/12B **O/13C**

Stiaan Diwan Henry
Calla Mpho

Trots op julle!

Ons o/12 en o/13 rugbyseuns blink uit tydens die onlangse proewe vir die Oos-Vrystaat spanne. 5 van die seuns is gekies vir spanne.

Die HA se proewe moet nog plaasvind. Ons wens al die seuns wat daaraan gaan deelneem baie sterkte toe.

Die ligaseisoen het afgeskop en sover lyk dit baie positief.

Die spanne speel op 14 April teen Graanveld in Bethlehem. uitslae was as volg:

o/9 span verloor

o/11 span wen 10-7

o/13 span verloor

Die seuns speel weer op 18 April teen Ladybrand op ons tuisveld en die uitslae was as volg:

o/9 span verloor

o/11 span wen 24-12

o/13 span verloor

op 23 April speel hulle teen Ficksburg en weer op ons tuisveld. Die uitslae was as volg:

oo/11 verloor

o/13 wen 24-19

Ongelukkig verloor ons al die wedstryde op 30 April waar die spanne in Senekal gaan speel het.



Die **HA begin hul OVS-liga op 'n hoogtepunt** met wedstryde teen New Horizon College Bethlehem op 16 April op Vrede se tuisgronde. Die uitslae was as volg:

o/15 span wen 17-7

o/16 span verloor 29-26

1ste span wen 26-10

Hul volgende ligawedstryd sal eers op 9 Mei teen Paul Erasmus in Senekal plaasvind. Ons wens hulle baie sterkte toe!

Rugby **NUUS**

o/13-span toer na Pongola



Die o/13-span het hierdie jaar na Pongola getoer vir hulle jaarlikse toer. Hulle was vanaf 1-3 Mei in Pongola saam met hul afrigter, Mnr Benrico Kruger. Hulle het ook die voorreg gehad om vergesel te word deur ons skoolhoof, Mnr. Smith.

Die seuns het die geleentheid gehad om teen ander skole hul kragte te meet en nuwe vriendskapsbande te smee. Hulle het ook heerlik gesellig gebraaai, geswem en selfs visgevang.

Fourie Potgieter, Andries Greyling en Diwan Odendaal is tydens die onderskeie wedstryde aangewys as Beste Spelers in hul posisies.

Vrede Skool wil ook baie graag vir **VS Afgri Equipment** bedank vir die borg van die span se opwarmingshemde wat tydens die toer aan hulle oorhandig is. Die seuns het sommer spoggerig gelyk in hul mooi hemde.



AFGRI
EQUIPMENT



Bulletjies wys hul wat hulle kan doen!

Die o/6, o/7 en o/8 rugbyspanne het tydens die onlangse mini-toernooie wat op 20 April op ons tuisgronde aangebied is, asook die toernooi op 4 Mei by Truida Kestell, bewys dat ons nog groot dinge van hierdie manne kan verwag. Hulle het hul harte uitgespeel en pragtige rugby gelewer wat pappas en mammas, oumas en oupas sommer baie trots gemaak het.





Andrea Greyling en Ofentse Lesolang is tydens die onlangse proewe gekies vir die O/19 Oos Vrystaat netbalspan. Hulle gaan op 30 Mei deelneem aan die Vrystaatproewe. Ons wens hulle baie sterkte toe en ons hou beslis die spasie dop!

Ons HA se ligawedstryde het met 'n besliste hoogtepunt begin.

Op 16 April speel hulle op ons tuisbane teen new Horizon College van Bethlehem. Die tellings was as volg:

o/15 span verloor 16-4

2de span wen 19-13

1ste span wen 54-25

Op 29 April het hulle op Retief se tuisgronde in Kestell kragte gemeet. Dit was tawwe wedstryde maar ons het weereens geseëvier. Die tellings was as volg:

o/15 span wen 14-3

2de span verloor 17-3

1ste span wen 47-26

Die volgende ligawedstryde het tydens die Round Robin op Reitz plaasgevind op 6 Mei waar al die LA spanne van o/9 - o/19 die geleentheid gekry het om teen verskillende spanne te speel. Dit was 'n lang en ysige dag van wedstryde met busse wat al om 06:30 vertrek het en eers laataand terug kon keer huis toe. Die uitslae was as volg:

- o/9A - verloor 7-9 teen Dirkie Uys
 - wen 3-1 teen Retief
 - wen 13-2 teen Tweeling
- o/10A - wen 7-2 teen Retief
 - wen 8-0 teen NHC Bethlehem
- o/11A - wen 9-0 teen Retief
 - wen 5-4 teen NHC Harrismith
 - wen 23-2 teen NHC Bethlehem
- o/11B - wen 5-4 teen Retief
 - verloor 3-5 teen RCA
- o/12A - verloor 4-8 teen Retief
 - wen 11-5 teen NHC Harrismith
 - wen 21-1 teen Dirkie Uys
- o/12B - verloor 3-6 teen Retief
 - verloor 5-6 teen RCA
- o/13 - wen 7-1 teen NHC Bethlehem
 - wen 18-3 teen Harriston
 - wen 7-4 teen NHC Harrismith
- o/15 - gelykop 9-9 teen Tweeling
- 2des - verloor 9-18 teen Tweeling
- 1stes - wen 36 - 26 teen Tweeling

Baie geluk aan al ons spanne. Julle het baie mooi gespeel!



Netbal NUUS

8 Mei 2026

Mini-meisies wys hulle ware kleure!

Die o/6, o/7 en o/8 netbalspanne het tydens die onlangse mini-toernooie wat op 20 April op ons tuisgronde aangebied is, asook die toernooi op 4 Mei by Truida Kestell, bewys dat ons meisies vir niemand terugstaan nie. Hulle het pragtige spel gelewer wat mamas en pappas, oumas en oupas baie trots gemaak het. Die meisies gaan nog groot hoogtes bereik en ons sien uit na hoe hulle gaan groei in die sport.



058 913 1003

hsvrede@internet-sa.co.za

22 Reyneke Straat, Vrede, 9835

HOKKIENUUS



Nicolette van der Merwe is gekies om die 0/19 Noord-Vrystaat Bokkieweekspan te verteenwoordig. Nicolette is tydens proewe in Kroonstad op 1 Mei verkies.

Sy gaan in die Julie vakansie van 6-10 Julie in Naboomspruit tydens die Bokkieweek speel.

Ons wens Nicolette baie sterkte toe vir die week wat vir haar voorlê.

Die HA se hokkie eerstespan is al in volle swang met hulle seisoen. Hulle uitslae is as volg:

11 April wen hulle **2-1** teen Paul Erasmus op ons tuisvelde
21 April wen hulle **2-0** teen NHC Bethlehem op ons tuisveld
7 Mei wen hulle **3-0** teen NHC Harrismith in Harrismith



BAIE DANKIE



Vrede Skool wil graag hul opregte dank uitspreek teenoor Hexagon Industries vir die mooi rugbypale wat hulle gemaak het vir die bulletjierugby. Ons skool kan ook nou spog met mini-pale!

19 Mei 2026
18:30
Vrede Skoolsaal

Mnr & Mej VHS

UITGESTEL TOT VERDERE KENNISGEWING

Koste:
Voorskool - R30
Laerskool - R40
Hoërskool - R50
Volwassenes - R60

Kaartjies beskikbaar by die deur-

SAVE THE DATE

VREDECONGSKIET

12 SEPTEMBER 2026

KONTAK: FIELIES GELDENHUYS VIR NAVRAE TEL: 082 850 7446

VREDE SKOOL
bied aan

Steve HOFMEYR

29 MEI 2026

VENUE:
HOGER-OP KOSHUIS

TYD:
18:30

PRYS:
R10 000 PER TAFEL
- DRANK INGESLUIT

KONTAK:
JANINE ODENDAAL - 083 655 9677

HERWINNAAR
van die maand

Ritzee's Oasis
65 Kerk straat

HERWINNAAR



SUBSCRIBE



volg ons op
Instagram



besoek gerus ons
nuwe webwerf



Volg VREDE SKOOL
op Facebook

058 913 1003

hsvrede@internet-sa.co.za

22 Reyneke Straat, Vrede, 9835



KOSHUIS PARTYTJIE

Op 24 April het die
inwoners van Hoger-Op
Koshuis 'n heerlike "Glow-
in-the-dark" partytjie
gehou. Oud en jong het
gesellig gekuier en gedans

Ouma en Oupa Dag

8 Mei 2026

by Woelie Woeps

Woelie Woeps Kleuterskool het op 17 April hul jaarlikse Ouma en Oupa dag aangebied. Hierdie spesiale dag is 'n besondere dag waarna elke oma en opa sommer baie uitsien. Dis die dag waarop omas en opas die kans kry om die "Baie Belangrike Persoon" balkie aan te steek en die eregaste by die geleentheid te wees terwyl die kleinspan hulle vermaak met opvoerings en die heerlikste eet- en drinkgoed.

Die grootouers kom van heinde en verre om saam met hul kleinkinders die dag by te woon. Hierdie jaar se tema was Wimbledon wat beslis 'n unieke tema was en dis duidelik aan al die glimlagte dat die dag weereens 'n groot sukses was.

Baie dankie aan Woelie Woeps se ouerkomitee en onderwysers vir al die beplanning, inoefening en organisering van die dag se aktiwiteite. Dis 'n baie groot werk en julle het weer bewys dat julle saam 'n gedugte span is.



30 jaar diens

8 Mei 2026

Helen le Roux het op 3 September 2024 haar 30-jaar diens vir die Departement van Onderwys voltooi. Sy het onlangs die sertifikaat daarvoor ontvang.


Dis 'n prestasie wat min mee kan spog en ons is besonder trots op Helen en haar uithouvermoë om met ons klompie so lank uit te hou.

Baie geluk Helen!



Twee Oseane Marathon

Juf. Zurike Portwig het op 11 April aan die Twee Oseane Marathon in die Kaap gaan deelneem. Sy het die besonder moeilike marathon in 'n baie goeie tyd voltooi. Ons is supertrots op haar alhoewel ons nog nie kon uitvind waarvoor sy weghardloop nie! 😊



Ons Groet Oom Coenie

Vrede Skool sê totsiens vir Oom Coenie Badenhorst wat vir 'n ruk lank ons faktotum was. Niks was vir hom te veel of te moeilik nie. Oom Coenie het 'n plan gemaak met elke probleem en gesorg dat ons terrein, geboue en voertuie in tip-top kondisie is.

Oom Coenie, ons groet jou met 'n swaar hart. Dit was 'n voorreg om jou as deel van ons span te hê. Geniet die rus wat voorlê. Ons gaan jou mis!



058 913 1003

hsvrede@internet-sa.co.za

22 Reyneke Straat, Vrede, 9835

Woelie Woeps se Mamma Tee

Woelie Woeps het weereens gesorg vir 'n tranetrekker pragtige geleentheid op Donderdag 7 Mei met hul Mamma Tee dag. Die tema was "High Tea" en elke mamma is genooi om saam met hulle krosies 'n heerlike piekniek styl ete te kom geniet. Elke mamma het 'n kaartjie ontvang met vrae wat elke kind vooraf beantwoord het oor hul mamma.

Dit was 'n besonderse geleentheid wat die band tussen mamma en kind net weer versterk het.

Baie dankie aan die ouerkomitee van Woelie Woeps wat gesorg het vir al die organisering en reëlins om die geleentheid moontlik te maak. Baie dankie ook aan Hoger-Op Koshuis vir die gebruik van die studiesaal vir die geleentheid.



Vrede Vanuit Die Kantoor

Geagte Ouers, Voogde, Leerders en Personeel,

Vanuit die staanspoor was die 2de kwartaal baie besig en het ons weggespring met al die wintersport-aktiwiteite soos op die vol kalender aangedui is. Na afloop van die eerste paar weke was dit ook goue duidelik dat ons spanne goeie rekenskap kon gee teen die ander skole in die Oos-Vrystaat streek waar ons deelneem.

Ons het ook reeds drie van ons VKB sporteeks se bepalings gehad met die laaste een teen Reitz wat op 16 Mei gespeel gaan word. Net kortliks weer die agtergrond van hierdie opwindende nuwe reeks:

Ons is deel van die VKB GEKOMBINEERDE KLEINSKOLE SPORTREEKS wat bestaan uit 10 Gekombineerde skole regoor die Vrystaat wat dieselfde behoeftes as ons het.

DOELSTELLING: Om 'n platform te skep waar gekombineerde plattelandse skole, met dieselfde waardesisteen, teen mekaar in Rugby, Netbal en Hokkie op een dag kan kompeteer. Vanaf o/6 – o/18, waar massadeelname, gemeenskapsbetrokkenheid en gesonde kompetisie seevier. Vir hierdie jaar se afkop is daar vir eers twee goepe gewees, Noord en Suid, waar ons dus 2 weg- en 2 tuiswedstryde in die Noord-groep van 5 skole sal speel, daarna sal uitspeelwedstryde volg.

Die tuiswedstryde bied aan ons geleentheid om die hele gemeenskap na ons sportdag uit te nooi, waar ons almal saam mekaar kan ondersteun. Baie positiewe terugvoer is sover van alle oorde ontvang oor die sukses dat almal saam by dieselfde plek op dieselfde dag speel en deelneem.

Hierdie gemeenskaplike doelwit wat ons gekombineerde kleinskole het, skuif net weereens die fokus na die volgende belangrike vraag wat ek reeds voorheen bespreek het:

Waarom maak 'n klein Afrikaanse plattelandse skool, soos VREDE Skool, 'n groot verskil

In 'n tyd waarin groot stedelike skole dikwels met indrukwekkende fasiliteite en talle aktiwiteite spog, vergeet ons soms dat ware onderwys nie net oor grootsheid gaan nie – maar oor menswees, sorg en gehalte-onderrig.

'n Klein Afrikaanse gekombineerde skool in die platteland soos Vrede Skool bied 'n paar unieke voordele wat dikwels die verskil maak in 'n kind se vormingsjare:

1. Persoonlike aandag en kleiner klasse

By ons soort skool is elke kind belangrik. Onderwysers ken elke leerder se naam, persoonlikheid en potensiaal. Hierdie noue betrokkenheid maak dit moontlik om elke kind op sy of haar vlak te help groei – akademies, emosioneel en sosiaal.

2. Sterk gemeenskapsbetrokkenheid

'n Plattelandse skool is nie net 'n instansie nie – dit is die hart van die gemeenskap. Ouers, plaaslike besighede en inwoners werk saam om die skool se sukses te verseker. Hierdie samehorigheid bou trots en lojaliteit, en leer kinders die waarde van samewerking.

3. Toegewyde en veelsydige onderwysers

In kleiner skole dra onderwysers verskeie hoede – van sportafrigter tot kultuurorganiseerder. Hierdie veelsydigheid wys hul toewyding en passie vir kinders se ontwikkeling. Hulle doen dit met oorgawe, omdat hulle regtig omgee.

4. Veiliger, rustiger leeromgewing

Die rustige platteland bied 'n natuurlike beskerming teen baie van die afleidings en druk wat kinders in die stad ervaar. Leerlinge leer in 'n veilige, vriendelike atmosfeer waar dissipline, respek en goeie waardes hoog geag word.

5. Bewaring van taal, kultuur en waardes

'n Afrikaanse plattelandse skool is 'n belangrike bewaarder van ons taal en kultuur. Hier word kinders grootgemaak met trots in wie hulle is, met waardes soos eerlikheid, nederigheid en respek vir ander.

SO: 'n Klein plattelandse skool soos VREDE mag dalk nie die grootste sportvelde of die nuutste tegnologie hê nie, maar dit het iets baie kosbaarder – 'n hart vir kinders en vir opvoeding. Hier word nie net kennis oorgedra nie, maar lewens gevorm.

Baie dankie vir u volgehoue ondersteuning.

Met waardering en hoop, mik hoog.

Mnr C Smith

Skoolhoof